



# Hoofstuk van die dag: Efesiërs 2

> *Vanweë ons sondige natuur sou ons net soos die ander mense deur God gestraf moes word. Maar God is ryk in barmhartigheid en het ons innig lief. (vers 3-4)*

God het met ons nuut begin. Ons ou sondige lewe het Hy

weggevee en ons lewend gemaak. Ons, wat gelewe het soos hierdie sondige wêreld en ons laat lei het deur die vors van die onsigbare bose magte (vers 2), ons ontvang saam met Christus ’n plek in die hemel (vers 6).
Dís wat gebeur as God ingryp. Dan verander jou lewe handomkeer. Niks is meer dieselfde nie, want jý is nie meer dieselfde nie. God het jou lewend gemaak.
As ’n mens na jouself kyk, wil jy net jou kop skud dat God dit alles vir jou oor het; dat Hy jou innig liefhet (vers 4). Geloof vra dat ons moet leer om nuut na onsself te kyk. Dat ons moet sien dat Jesus se offer ons verander het. Daarom kan ons nuut lewe.
Ons kan. Want in Christus Jesus is ons nuut! God het ons deur die werk van die Heilige Gees saam met Christus Jesus nuutgemaak, soos vers 10 sê: “… om ons lewe te wy aan die goeie dade waarvoor Hy ons bestem het.”

## Onlangse Bydraes


- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23  Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob


## Argief

Argief Kies 'n maand ▼


- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026